Later gedurende Mei het die Reserwebank die opskorting van termynvalutatransaksies vir effektebeursdoleindes sowel as vir die invoer van verbruiksgoedere aangekondig, terwyl die handelsbanke, besluit het om krediet vir huurkoop- en effektebeursdoleindes te beperk en om, op versoek van die Reserwebank, te weier om aan plaaslike buitelandbeheerde takke en filiale sodanige lenings te verskaf wat hulle in staat sou stel om fondse vanaf Suid-Afrika te repatrieer.

Ten spyte van die bogenoemde maatreëls, het die reserves verder afgeneem as gevolg van die netto uitvloei van private kapitaal sodat daar besluit is om valutabeheer ook na effektebeurstransaksies uit te brei. Gevolglik is Suid-Afrikaanse inwoners vanaf 17 Junie verbied om fondse vir die aankoop van Suid-Afrikaanse en Rhodesiese effekte na die buitenland oor te plaas. Terwyl nie-inwoners toegelaat is om die verkoop van effekte op die Johannesburgse Effektebeurs voort te sit, sou die opbrengs van sodanige effekte geblokkeer en slegs in effekte wat op hierdie Effektebeurs genoteer word, herbelê mag word.

Afgesien van die verskeie maatreëls wat kortlik hierbo beskryf is en in die lig waarvan die onderstaande oorsig beskou moet word, moet ook melding gemaak word van die nuwe ooreenkomste betreffende die Suid-Afrikaanse uraanprogram, tussen die Suid-Afrikaanse Raad op Atoomkrag en die samestellende vennote van die „Combined Development Agency”, nl. die „United States Atomic Energy Commission” en die „United Kingdom Atomic Energy Authority”. Ingevolge hierdie nuwe ooreenkomste (wat op 1 Januarie 1961 in werking getree het in die plek van die vroeëre reëlings waarvolgens die „Agency” gedurende die sesjaar-tydperk eindigende Desember 1966 28,350 ton uraanoksied teen wisselende prys sou aankoop), bly die totale hoeveelheid materiaal wat deur die Raad verkoop sal word, onveranderd, maar weens 'n laer afleweringskoers word die aflevering van 5,953 ton aan die „Authority” in die Verenigde Koninkryk uitgestel tot die tydperk 1 Januarie 1967 tot 31 Desember 1970, terwyl die gemiddelde gesamentlike afleweringskoers aan die „Authority” en die „Commission” gedurende die eersgenoemde sesjaar-tydperk verminder word. Verder is ooreenstemming bereik oor 'n vaste prys vir die totale

tonnemaat wat deur die „Authority” en die „Commission” aangeskaf sal word. As gevolg van hierdie verlenging van afleveringsdatums het uraanverkope in 1961 afgeneem.

A. ALGEMENE TENDENSE PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING

(a) Landbou:

Voorlopige ramings deur die Afdeling Ekonomie en Marke, insluitende hersiene syfers vir vroeëre jare, toon dat die Republiek se brutowaarde van landbouproduksie tot ongeveer R817 miljoen in 1960/61 toegeneem het, vergeleke met R777 miljoen in 1959/60 en R727 miljoen in 1958/59. Die verdere toename van ongeveer R40 miljoen in 1960/61 is grootliks toe te skryf aan 'n toename van ongeveer R30 miljoen in die produksie van mielies wat tesame met toenames in die produksie van 'n aantal ander produktes, 'n afname van ongeveer R10 miljoen in die wolproduksie meer as geneutraliseer het.

Die syfers wat hierbo aangehaal is, verwys na die jare eindigende Junie, maar volgens die Afdeling toon rowwe berekenings dat die brutowaarde van landbouproduksie ook op 'n kalenderjaarbasis in 1961 hoër as in 1960 was, nl. met ongeveer R20 miljoen tot R30 miljoen.


(b) Mynwese:

Volgens die jongste beskikbare gegewens, het die Republiek se totale waarde van minerale produksie tot die nuwe rekordpeil van ongeveer R864 miljoen in 1961 gestyg, vergeleke met R839 miljoen en R775 miljoen (gewysigde syfers) in 1960 en 1959 onderskeidelik. 'n Verdere toename van R25 miljoen is gevvolglik in 1961 aangeteken, teenoor 'n toename van R64 miljoen in 1960, maar die toename in 1961 sou baie groter gewees het as dit nie vir 'n afname van R29 miljoen in uraanverkope, as gevolg van die nuwe uraanooreenkomste waarna hierbo verwys is, was nie.

Goudproduksie het met R39 miljoen vanaf R536 miljoen (21.4 miljoen fyn onse) in 1960 tot R575 miljoen (22.9 miljoen fyn onse) in 1961 gestyg en steenkool- en diamantverkope met ongeveer R5 miljoen en R3 miljoen onderskeidelik, terwyl die verkope van alle ander onedele en edele minerale, uitgesonderd uraan, gesamentlik met ongeveer R7 miljoen toegeneem het.

Soos deur die onderstaande grafiek aangetoon word, was die neiging in goudproduksie dwarsdeur die jaar 1961 opwaarts en die groeikoers het teen die einde van die jaar effens toegeneem. Totale werkverskaffing in die mynwese wat geneig het om gedurende die eerste helfte van 1961 effens af te neem, het gedurende die tweede helfte van die jaar opwaarts beweeg en die gemiddelde maandelikse indeks het tot 124 toegeneem, vergeleke met 121 in 1960 en 120 in 1959.*

* Tensy anders aangedui, verwys alle indekse wat in hierdie oorsig vermeld word, na die basis 1953 = 100.



Indekse (1953 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings

(c) Fabriekswese:

Die beskikbare indeks van werkverskaffing in die fabriekswese toon vir 1961 geen verandering in die gemiddelde maandelikse syfer van 120 wat in 1960 aangeteken is nie. Soos egter in vroeëre oorsigte vermeld is, blyk uit 'n studie van die nywerheidsensusresultate vir onlangse jare dat hierdie indeks, wat op steekproefgegewens gebaseer is, die werklike toename in nywerheidswerkverskaffing onderskat. Ook het hierdie sensusresultate nog altyd 'n baie groter toename in die waarde van fabrieksproduksie as in die aantal persone in diens getoon. Geoordeel verder volgens die volksinkomesyfers wat hieronder bespreek word, is die aanduidings dat die waarde van fabrieksproduksie in 1961 verder toegeneem het.

(d) Elektrisiteit:

Die indeks van elektriese stroom opgewek het sy opwaartse verloop dwarsdeur die jaar 1961 voortgesit en die gemiddelde maandelikse indeks het tot 183 gestyg, vergeleke met 173 in 1960 en 162 in 1959.

(e) Boubedryf en konstruksie:

Die afwaartse beweging gedurende 1960 in die maandelikse indeks van die waarde van bouplanne goedgekeur het gedurende 1961 voortgeduur, hoewel die afnamekoers, soos deur die bestaande grafiek aangetoon word, gedurende die tweede helfte laer as gedurende die eerste helfte van die jaar was. Die gemiddelde maandelikse indeks het, nadat dit vanaf 118 in 1959 tot 124 in 1960 gestyg het, tot 89 in 1961 gevval.

Betreffende werkverskaffing, toon die beskikbare indeks vir private konstruksie, ná aansuiwing vir seisoenskommelings, 'n aansienlike afname gedurende die eerste nege maande van 1961, gevolg deur 'n effense opwaartse beweging gedurende die laaste kwartaal.

BUITELANDSE HANDEL


Ná aansuiwing vir betalingsbalansdoeleindes, toon voorlopige handelsyfers dat Suid-Afrika se invoere van koopware, wat vanaf R995 miljoen in 1959 tot R1,127 miljoen in 1960 gestyg het, gedurende 1961 tot R1,011 miljoen afgeneem het, terwyl die uitvoere van koopware, na 'n geringe toename vanaf

R877 miljoen tot R879 miljoen, verder tot R926 miljoen onderskeidelik gestyg het.

Die afname van ongeveer R116 miljoen in totale invoere in 1961 is hoofsaaklik toe te skryf aan afnames van ongeveer R57 miljoen in die invoere van „metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie” (waarvan „motorvoertuie, vliegtuie en onderdele” vir ongeveer R40 miljoen verantwoordelik was), en R21 miljoen in die invoer van „tekstielware, klere, draad en vesels”. In feitlik al die ander vernaamste invoerkasse is kleiner afnames aangeteken, veral dié van R9 miljoen, R8 miljoen en R6 miljoen onderskeidelik onder „olie-, was- en harssorte, verfmiddeles en vernisse”, „voedingsmiddels” en „hout, rottang en riet”. Op 'n maandbasis beskou en met uitsluiting van seisoensveranderings, kan uit die onderstaande grafiek gesien word dat die afwaartse neiging in invoere, wat gedurende die laaste vier maande van 1960 ingetree het, gedurende die eerste sewe maande van 1961 voortgeduur het, maar dat daar gedurende die laaste vyf maande van 1961 'n verandering tot 'n effense opwaartse neiging plaasgevind het.

In die geval van die uitvoer van koopware, het die styging van R47 miljoen in 1961 plaasgevind niteenstaande die afname van R29 miljoen in uraanverkope, waarna reeds verwys is, en was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename van ongeveer R45 miljoen in die uitvoer van „voedsel”, wat 'n toename van R18 miljoen in die uitvoer van mielies insluit. Ander belangrike toenames was dié van R13 miljoen in woluitvoere, en ongeveer R8 miljoen in die uitvoer van „delfstowwe, erdewerk en glaswerk”. Die onderstaande grafiek toon die opwaartse neiging wat in die uitvoer van koopware gedurende 1961 geheers het teenoor die afwaartse beweging wat gedurende die vorige jaar voorgekom het.

Geoordeel volgens die beschikbare handelsindeks, wil dit voorkom asof die afname van R116 miljoen in die waarde van goedere-invoere gedurende 1961 hoofsaaklik toe te skryf is aan 'n daling in die fisiese volume van invoere, maar ook aan 'n afname in die gemiddelde prys per eenheid van invoer. Aan die ander kant is die toename van R47 miljoen in die waarde van goedere-uitvoere feitlik geheel en al toe



te skryf aan 'n toename in die fisiese volume, aangesien die gemiddelde prys per eenheid van uitvoer weinig verandering getoon het. Dit wil dus voorkom asof die ruilvoet effens meer gunstig vir Suid-Afrika in 1961 as in 1960 was.

KLEINHANDELSVERKOPE

Geoordeel volgens die beschikbare indeks vir 'n aantal van die vernaamste stede in die Republiek, het die waarde van kleinhandelsverkope feitlik geen verandering in 1961 vergeleke met 1960 getoon nie. Soos in vroeëre oorsigte aangetoon is, wil dit egter voorkom asof hierdie indeks, as gevolg van 'n beperkte dekking, nie 'n ware beeld van die verloop van kleinhandelsverkope vir die land as geheel gee nie.


SPOORWEGVERVOER

Soos uit die bestaande grafiek blyk, het spoorweginkomste, nadat dit gedurende die laaste kwartaal van 1960 effens afgeneem het, 'n geringe opwaartse neiging gedurende die jaar 1961 getoon en die gemiddelde maandelikse indeks, wat vanaf 146 in 1959 tot 159 in 1960 gestyg het, het verder tot 160 in 1961 toegeneem. In hierdie verband moet egter daarop gewys word dat die kleiner toename vanaf 1960 tot 1961 as vanaf 1959 tot 1960 gedeeltelik verklaar kan word uit die feit dat die 1960-syfer 'n sekere bedrag aan opgehoopde inkome ten opsigte van die jare 1958 en 1959 insluit, wat gedurende Maart 1960 ontvang is.

EFFEKTEBEURSTRANSAKSIES

Ná 'n aansienlike daling gedurende die tweede helfte van 1960, het effektebeursomset gedurende die eerste helfte van 1961 op hierdie laer peil geskommel, maar toe verder gedurende die tweede helfte van die jaar afgeneem, nadat valutabeheer gedurende Junie tot effektebeurstransaksies uitgebrei is. Hierdie stap het tot gevolg gehad dat die hoeveelheid Suid-Afrikaanse aandele wat deur buitelanders te koop aangebied is, aansienlik afgeneem het, sodat onder druk van die plaaslike vraag 'n tekort aan effekte op die mark ontstaan het en aandelepryse geneig het om te styg. So het die prys-

EFFEKTEBEURS: AANDELE GEKOOP



TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM

indeks van goudmynaande, nadat dit vanaf 110 in Desember 1960 tot 82 in Mei 1961 afgeneem het, geleidelik tot 106 in Desember gestyg, hoewel die gemiddelde maandelikse indeks vir 1961 nog laer was as dié vir 1960, nl. 99 vergeleke met 108.

Soortgelyke tendense is ook deur die prysen van industriële en handelsaande weerspieël en die indeks daarvan het tot 103 in Desember gestyg, nadat dit tot 'n laagtepunt van 80 in Mei gedaal het. Die gemiddelde maandelikse indeks het slegs effens vanaf 93 in 1960 tot 92 in 1961 afgeneem.

TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM


Die gemiddelde maandelikse indeks van die waarde van eiendomtransaksies (uitgesonderd regerings-transaksies) wat vanaf 92 in 1959 tot 103 in 1960 toegeneem het, het tot 85 in 1961 geval. Die bestaande grafiek toon egter dat, hoewel die afwaartse neiging gedurende die laaste nege maande van 1960 voortgesit is gedurende die eerste sewe maande van 1961, die tendens gedurende die daaropvolgende vyf maande duidelik opwaarts was.

BANKDEBETTE

Debiteringe teen alle lopende rekenings by banke in die Republiek, uitgesonderd regeringsrekenings, het in 1961 verder toegeneem en die gemiddelde maandelikse indeks het tot 199 gestyg, vergeleke met 193 in 1960 en 174 in 1959. Verder toon die onderstaande grafiek dat die vermindering in die groeikoers van bankdebette gedurende die tweede helfte van 1960, tot in die eerste maande van 1961 voortgeduur het, maar dat 'n hoër groeikoers daarna weer eens waarneembaar was.

BANKDEBETTE

(Aangesuiwer vir seisoenskommelings)



GOEDEREPRYSE

Groothandels- en kleinhandelspryse het hulle stadiqe opwaartse beweging gedurende 1961 voortgesit. Die indeks van groothandelspryse wat vanaf 108.2 in Desember 1959 tot 109.8 in Desember 1960 toegeneem het, d.w.s. met 1.5 persent, het verder tot 110.8 of met 0.9 persent, in Desember 1961 gestyg en die gemiddelde maandelikse indeks vir 1961 het op 110.3 te staan gekom, vergeleke met

108.5 vir 1960, wat 'n toename van 1.7 persent weerspieël. In die geval van kleinhandelspryse het die gemiddelde maandelikse indeks met 1.9 persent vanaf 117.0 in 1960 tot 119.2 in 1961 gestyg, terwyl die toename vanaf Desember 1960 tot Desember 1961 2.0 persent bedra het, vergeleke met 'n styging van 1.6 persent vanaf Desember 1959 tot Desember 1960.

Landboupryse het geen verandering op 'n gemiddelde maandelikse basis in 1961 getoon nie en die indeks het op die syfer van 82 wat in 1960 aangeteken is, bly staan. Waar die neiging in maandelikse indekse gedurende 1960 egter afwaarts was, was dit gedurende die eerste nege maande van 1961 opwaarts en daarna effens afwaarts gedurende die laaste kwartaal van die jaar. Hierdie neigings word ook in die verloop van wolpryse weerspieël. Die geweegde gemiddelde prys van alle tipes wol, uitgedruk in sent per lb., het nl. vanaf 31 in Desember 1960 tot 34 in September 1961 gestyg, maar daarna weer tot 31 in Desember 1961 afgeneem.

B. NASIONALE REKENINGE

Voorlopige ramings, gedeeltelik gebaseer op die nasionale rekeningesyfers vir die jare geëindig Junie 1960 en 1961, wat onlangs deur die Buro vir Sensus en Statistiek gepubliseer is, en gedeeltelik op die kwartaallikse nasionale rekening-opnames wat deur die Reserwebank gemaak is, toon dat die Republiek se netto binnelandse inkome (teen faktorkoste) verder toegeneem het met ongeveer $3\frac{1}{2}$ persent in die kalenderjaar 1961. Hierdie verdere toename weerspieël toenames onder die meeste van die belangrikste klasse van ekonomiese aktiwiteit, byvoorbeeld byna 5 persent in die geval van mynwese, ongeveer 4 persent in die geval van handel en ongeveer $3\frac{1}{2}$ persent in die geval van fabriekswese. In die geval van vervoer het daar egter 'n klein afname van ongeveer een persent voorgekom.

Ná aansuiwing van die netto binnelandse inkomesyfers vir waardevermindering, indirekte belastings en subsidies asook vir buitelandse faktorbetalings, word geraam dat die bruto volksproduksie (teen markpryse) vanaf ongeveer R5,325 miljoen in 1960 tot ongeveer R5,493 miljoen in 1961 toegeneem het. Hierdie toename van meer as 3 persent vanaf 1960 tot 1961 vergelyk met 'n toename van ongeveer 6 persent vanaf 1959 tot 1960, maar daar sal onthou word dat die laasgenoemde hoë koers gedeeltelik toegeskryf kon word aan die feit dat traie besigheidstoestande gedurende die eerste helfte van 1959 geheers het, gevvolg deur 'n herstel gedurende die tweede helfte van daardie jaar.

Op 'n kwartaallikse basis gesien, en uitgesonderd seisoenskommelings, is die aanduidings dat die bruto volksproduksie in die eerste kwartaal van 1961 toegeneem het en toe min verandering gedurende die tweede en derde kwartale getoon het, maar weer eens gedurende die vierde kwartaal gestyg het.

Aan die uitgawekant van die rekeninge is die

toename van ongeveer R170 miljoen in die bruto volksproduksie in 1961 weerspieël in 'n toename van ongeveer R60 miljoen in private plus regeringsverbruik, teenoor 'n toename van ongeveer R110 miljoen in bruto binnelandse besparing, en die toename in laasgenoemde is in hoofsaak verantwoord deur 'n aansienlike toename in persoonlike besparing.

Vergeleke met die toename van ongeveer R110 miljoen in die bruto binnelandse besparing in 1961, het die netto lopende oorskot in die betalingsbalans met meer as R180 miljoen verbeter (sien hieronder), wat 'n afname van meer as R70 miljoen in bruto binnelandse kapitaalvorming aantoon. Hierdie afname in kapitaalvorming word egter verklaar deur die feit dat, terwyl belegging in voorrade met meer as R40 miljoen gedurende 1960 toegeneem het, 'n afname van ongeveer R60 miljoen gedurende 1961 voorgekom het. Vaste belegging het dus in werklikheid met ongeveer R30 miljoen in 1961 toegeneem.

Die afname van ongeveer R60 miljoen in belegging in voorrade gedurende 1961 het hoofsaaklik gedurende die laaste kwartaal van die jaar voorgekom (toe verbruik meer as seisoensgewyse gestyg het, ná 'n meer as seisoensafname gedurende die derde kwartaal), en is in hoofsaak verantwoord deur 'n toename in die waarde van handelsvoorraad. Die waarde van fabrieksvoorraad het ook effens gedaal terwyl dié van mynvoorraad 'n klein styging oor die jaar getoon het.

Wat die toename van ongeveer R30 miljoen in vaste belegging in 1961 betref, het min verandering in die totaal vir openbare owerhede voorgekom, aangesien 'n afname van meer as R20 miljoen in die geval van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens naastenby geneutraliseer is deur toenames in belegging deur die provinsiale administrasies en plaaslike owerhede. In die geval van openbare korporasies is 'n klein toename aangeteken, maar die grootste gedeelte van die toename in vaste belegging het in die private sektor voorgekom, nl. ongeveer R25 miljoen. Van hierdie toename verteenwoordig meer as R20 miljoen 'n styging in belegging deur vervaardigsondernemings, byna uitsluitlik in die vorm van masjinerie, installasie en uitrusting. Vaste belegging in die geval van mynwese het ook toegeneem alhoewel in 'n mindere mate, terwyl 'n afname aangeteken is in die geval van woongeboue.

C. BETALINGSBALANS

Suid-Afrika se betalingsbalansposisie het 'n aansienlike verbetering gedurende 1961 getoon, as gevolg nie alleen van 'n skerp toename in die netto lopende oorskot met die buitewêreld nie, maar ook van 'n merkbare afname in die netto uitvloei van private kapitaal.

Afgesien van die afname van ongeveer R116 miljoen in goedere-invoere, en die toename van ongeveer R47 miljoen in goedere-uitvoere wat reeds onder die opskrif „Buitelandse Handel“ hierbo gemeld is,

het Suid-Afrika se netto goudproduksie met R46 miljoen tot R576 miljoen in 1961 gestyg sodat die handelsoorskot, met insluiting van die goudproduksie, met R209 miljoen verbeter het, nl. vanaf R282 miljoen in 1960 tot ongeveer R491 miljoen in 1961. Teenoor hierdie verbetering toon voorlopige ramings 'n toename in netto lopende opsigbare betalings van ongeveer R25 miljoen in 1961, wat veral toe te skryf is aan groter beleggingsinkomebetalings wat gedurende die eerste helfte van die jaar besonder hoog was, maar toe tot 'n meer „normale“ peil gedurende die tweede helfte gedaal het. Die totale netto oorskot op lopende rekening het dus met ongeveer R184 miljoen toegeneem, nl. vanaf R21 miljoen in 1960 tot ongeveer R205 miljoen in 1961.

Wat die kapitaalrekening van die betalingsbalans betref, toon die beschikbare voorlopige ramings dat daar gedurende 1961 'n netto uitvloei van kapitaal in alle vorms van ongeveer R83 miljoen plaasgevind het, vergeleke met R140 miljoen gedurende 1960. Aangesien offisiële en bankinstellings egter vir 'n netto uitvloei van R11 miljoen gedurende 1961 verantwoordelik was, vergeleke met 'n netto toevloei van R12 miljoen in 1960, was die netto uitvloei van private kapitaal gedurende 1961 in werklikheid gelyk aan minder as die helfte van die bedrag wat gedurende 1960 aangeteken is, nl. ongeveer R72 miljoen vergeleke met R152 miljoen.

As gevolg van die verwikkelinge hierbo beskryf, het Suid-Afrika se offisiële goud- en buitelandse valutareserwes, wat met R132 miljoen gedurende 1960 afgeneem het, met R107 miljoen gedurende 1961 toegeneem.

Ten einde 'n duideliker beeld van die betalingsbalansposisie gedurende 1961 te verkry, moet daarop gelet word dat die gunstige neigings in beide die lopende en kapitaalrekeninge hoofsaaklik gedurende die tweede helfte van die jaar ontwikkel het. In werklikheid het die reserwes gedurende die eerste helfte van die jaar 'n verdere afname van ongeveer R18 miljoen getoon toe 'n netto lopende oorskot van ongeveer R30 miljoen, asook 'n netto toevloei van offisiële kapitaal, meer as geneutraliseer is deur 'n voortgesette netto uitvloei van private kapitaal. Hierdie netto uitvloei van private kapitaal het hoofsaaklik deur die effektebeurs plaasgevind, maar het ook netto terugbetalings van private buitelandse lenings ingesluit, asook netto beleggings deur Suid-Afrikaanse inwoners in vreemde lande.

Gedurende die tweede helfte van 1961 het die reserwes egter met soveel as R125 miljoen gestyg toe die netto lopende oorskot 'n skerp toename tot R175 miljoen getoon het wat hoofsaaklik toe te skryf is aan 'n afname in invoere, maar ook aan 'n toename in uitvoere en goudproduksie, asook 'n afname in netto onsigbare betalings. Bowendien, terwyl offisiële en bankinstellings vir 'n netto uitvloei van kapitaal gedurende die tydperk verant-

woordelik was, vergeleke met 'n netto invloei gedurende die eerste helfte van die jaar, het 'n aansienlike afname in die netto uitvloei van private kapitaal voorgekom.

Die afname in die netto uitvloei van private kapitaal gedurende die tweede helfte van 1961 is gedeeltelik toe te skryf aan die uitbreiding van valutabeheer gedurende Junie tot effektebeurtransaksies (waarna reeds verwys is), waardeur die uitvloei van kapitaal as gevolg van die aankope van Suid-Afrikaanse aandele deur inwoners vanaf buitelanders stopgesit is. Gedeeltelik is dit egter ook toe te skryf aan die ontvangste gedurende die derde kwartaal van 'n aansienlike bedrag buitelandse lenings deur die private sektor wat in 'n belangrike mate gedien het om die kontraktuele terugbetaling van uraan- en ander buitelandse lenings, asook 'n verdere netto uitvloei van inwoner-kapitaalfondse, te neutraliseer. In werklikheid toon voorlopige syfers 'n netto toevloei van *buitelandse* kapitaal ten bedrae van ongeveer R1 miljoen gedurende elk van die derde en vierde kwartale van 1961, vergeleke met 'n netto uitvloei van R45 miljoen gedurende die eerste helfte van die jaar, en 'n netto uitvloei van *inwonerkapitaal* van R12 miljoen in die derde kwartaal en R6 miljoen in die vierde kwartaal (hoofsaaklik regstreekse belegging in die Verenigde Koninkryk en die Federasie van Rhodesië en Njassaland), vergeleke met 'n netto uitvloei van ongeveer R11 miljoen gedurende die eerste helfte. Die totale netto uitvloei van private kapitaal het dus afgeneem vanaf R37 miljoen in die eerste kwartaal tot R19 miljoen in die tweede, R11 miljoen in die derde en ongeveer R5 miljoen in die vierde kwartaal, en, soos aangedui, het die netto uitvloei gedurende die laaste twee kwartale uit inwonerfondse bestaan.

Betreffende die netto uitvloei van R11 miljoen kapitaalfondse van offisiële en bankinstellings gedurende die jaar 1961 as geheel, het die Regering I.B.H.O.- en ander buitelandse lenings ten bedrae van R25 miljoen terugbetaal, terwyl netto terugbetalings van korttermyn buitelandse lenings deur die Reserwebank R14 miljoen beloop het. Bowendien het 'n netto uitvloei van ongeveer R10 miljoen van offisiële korttermynfondse plaasgevind wat hoofsaaklik toe te skryf is aan krediete wat uit die Regering se buitelandse handelstransaksies ontstaan. Tenoor hierdie uitvloei, het die Regering nuwe buitelandse lenings ontvang tot 'n totale waarde van ongeveer R20 miljoen (netto) van die Uitvoer-Invoerbank, 'n Italiaanse bank en 'n Duitse bank, terwyl die balans van R18 miljoen van die Republiek se trekking van R27 miljoen teen sy goudsubskripsie tot die Internasionale Monetêre Fonds ook vroeg in die jaar ontvang is.

Teen die einde van November 1961 is 'n lening van R18 miljoen deur die I.B.H.O. aan die Regering en Eskom toegestaan. Hierdie lening sal gedurende 1962 en 1963 getrek word, namate betalings vir

invloere van die betrokke kapitaaldoerusting gemaak word.

D. MONETÈRE EN FINANSIELLE VERWIKKELINGE GELD- EN BANKWESE

Gekonsolideerde syfers van die Reserwebank, die handelsbanke en die Nasionale Finansiekorporasie toon dat die private sektor se likwiede bates gehou by die banksektor in die vorm van geld en rendedraende deposito's, wat met R27 miljoen gedurende 1960 afgeneem het, met soveel as R100 miljoen gedurende 1961 gestyg het.

Soos uit onderstaande tabel blyk, is hierdie toename van R100 miljoen in die likwiede bates gedurende 1961 in geheel verantwoord deur 'n styging van R101 miljoen in die banksektor se *netto* goud- en buitelandse valutareserwes, wat die gunstige betalingsbalans vir die jaar weerspieël. Terwyl 'n afname in die banksektor se *netto* eise teen die

Veranderings in die laste en bates van die banksektor (R miljoene)

	1960	1961
Private sektor :		
Geld	— 28	+ 24
Rentedraende deposito's	+ 1	+ 76
Totaal	— 27	+ 100
Netto goud en buitelandse valutareserwes*	—152	+ 101
Eise teen Sentrale Regering†	— 40	— 25
Sentrale Regeringsdeposito's‡	—	+ 9
Netto eise teen provinsiale administrasies	— 3	—
Netto eise teen plaaslike owerhede	+ 4	— 1
Eise teen private sektor	+ 187	+ 11
Langtermyn buitelandse laste‡	— 10	— 2
Onverdeelde poste	— 13	+ 7
Totaal	— 27	+ 100


Regering wel plaasgevind het, nl. tot die mate van R16 miljoen, is die effek daarvan grotendeels geneutraliseer deur 'n toename van ongeveer R11 miljoen in bankkrediet verleen aan die private sektor.

Afgesien van die toename van R100 miljoen gedurende 1961 in likwiede bates by die banksektor gehou deur die private sektor, het laasgenoemde sektor se likwiede bates gehou by die Regeringsektor in die vorm van skatkiswissels en belastingdelgingsertifikate, gestyg met R40 miljoen vergeleke met 'n afname van R24 miljoen gedurende 1960. Dus het die private sektor se totale likwiede bates, na 'n afname van R51 miljoen gedurende 1960, toegenem met R140 miljoen gedurende 1961 tot 'n rekordbedrag van meer as R1,600 miljoen. Die onderstaande grafiek toon dat die tendens van likwiede bates dwarsdeur die jaar 1961 opwaarts was, maar dat 'n hoër koers van toename gedurende die laaste vier maande geheers het.

* Goud- en buitelandse valutareserwes minus korttermyn buitelandse laste.

† Uitgesonderd staatseffekte gehou deur die Reserwebank t.o.v. buitelandse skuld van die Regering.

‡ Toename —; afname +.



Betreffende die toename van R11 miljoen in bankkrediet verleen aan die private sektor gedurende 1961, sluit hierdie syfer 'n toename in van R37 miljoen in eise teen die diskonteringshuise, sodat, met uitsluiting van die diskonteringshuise, daar in werklikheid 'n afname van R26 miljoen was, wat gelyk is aan die afname wat plaasgevind het in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte in die Republiek. Soos uit bostaande grafiek blyk, het hierdie diskonteringe en voorskotte 'n geringe afwaartse tendens gedurende 1961 getoon, na 'n skerp opwaartse beweging gedurende 1960. Die gemiddelde maandelikse indeks het egter toegeneem tot 188 in 1961, vergeleke met 178 in 1960 en 154 in 1959.

GELDMARK

Hoofsaaklik as gevolg van die gunstige betalingsbalans, het die geldmark, wat aanmerklik gedurende 1960 vernou het, geneig om gedurende 1961 te verruim.

Soos uit onderstaande tabel blyk, het die byvoeging tot likwiede bates tot beskikking van die geldmark, wat verantwoord is deur die toename in die Reserwebank se *netto* goud- en buitelandse

Veranderings in laste en bates van die

Reserwebank (R miljoene)

Veranderings in toestand van geldmark: 1960 1961

A. DIE AANDUIDINGS:

Toename (—) in netto beroep op Reserwebank deur:

Handelsbanke	— 44	+ 12
N.F.K.	— 10	— 1
Diskonteringshuise	— 26	+ 40
<hr/>		
Totale verruiming (+) of vernouing (—) van geldmark	— 80	+ 51
<hr/>		
B. DIE OORSAKE:		
Netto goud en buitelandse valuta	— 156	+ 101
Krediet aan Sentrale Regering	+ 4	+ 21
Sentrale Regeringsdeposito's*	+ 30	— 21
Netto krediet aan provinsiale administrasie	— 4	— 4
Banknote in omloop*	— 2	— 12
Netto krediet aan private sektor	+ 54	— 40
Diverse oorsake	— 6	+ 6
<hr/>		
Totaal	— 80	+ 51

* Toename —; afname +.

valutareserwes gedurende 1961, R101 miljoen bedra. Hierdie byvoeging is egter gedeeltelik geneutraliseer deur 'n netto afname van R40 miljoen in Reserwebankkrediet verleen aan die private sektor (hoofsaaklik aan die Landbank), sowel as deur ander faktore, in besonder 'n toename van R12 miljoen in banknootverpligtings. Gevolglik het die geldmark verruim tot 'n netto mate van R51 miljoen, wat die bedrag weerspieël waarmee die mark sy netto skuldbosisie by die Reserwebank verminder het.

Die verruiming van die mark gedurende 1961 het hoofsaaklik plaasgevind gedurende die tweede helfte van die jaar, en dit is ook weerspieël in die beweging van geldmarkrentekoerse. So het die tenderkoers op skatkisbewyse, nadat dit van 3.90 persent aan die einde van 1960 tot 4.73 persent op 9 Junie 1961 gestyg het (wat gedeeltelik die verhoging van $\frac{1}{2}$ persent in die Bankkoers op 5 Mei 1961 weerspieël), afgeneem tot 4.07 persent op 1 Desember. Daarna het dit slegs 'n klein verdere afname tot 4.03 persent aan die einde van Desember getoon, niteenstaande die verlaging van $\frac{1}{2}$ persent in die Bankkoers op 7 Desember.

STAATSFINANSIES

Dit sal van die voorafgaande tabelle opgemerk word dat terwyl die Regering se deposito's by die banksektor as 'n geheel met R9 miljoen gedurende 1961 afgeneem het, sy deposito's by die Reserwebank toegeneem het met R21 miljoen. Dit word verklaar deur die feit dat die Regering gedurende die jaar die totale bedrag van R30 miljoen, wat hy gedurende die vorige jaar by die handelsbanke belê het, onttrek het.

Teenoor die afname van R9 miljoen in Regeringsdeposito's by die banksektor, wat bestaan het uit 'n afname van R10 miljoen in die Skatkis se saldo en 'n toename van R1 miljoen in ander Regeringsrekenings, het die Skatkis 'n netto bedrag van R10 miljoen by die diskonteringshuise gedurende 1961 belê, sodat totale deposito's gehou deur die Skatkis in werklikheid geen verandering oor die jaar getoon het nie. Die redes vir hierdie verskynsel word in onderstaande tabel opgesom:

Ontvangste en betalings van die Skatkis (R miljoene)

Inkomsterekening :	1960	1961
Ontvangste — Doeane en aksyns	214	202
Poskantoor	83	84
Binnelandse inkomste	437	448
<hr/>		
Totaal	734	734
Betalings	641	696
<hr/>		
Netto ontvangste (+)	+ 93	+ 38
Leningsdienste en -verhalings (netto)	— 179	— 129
Ander ontvangste (netto)*	+ 13	+ 16
<hr/>		
Oorskot van totale betalings (—)*	— 73	— 75
Netto lenings aangegaan	+ 71	+ 75
<hr/>		
Verandering in Skatkissaldo	— 2	—

* Met uitsluiting van netto lenings aangegaan.

Terwyl ontvangste op inkomsterekening dieselfde bedrag getoon het in 1961 as in 1960, nl. R734 miljoen, het betalings op inkomsterekening vanaf R641 miljoen in 1960 tot R696 miljoen in 1961 toegeneem, sodat netto ontvangste op hierdie rekening gedaal het vanaf R93 miljoen tot R38 miljoen, wat die Regering se verhoogde uitgawe gedurende 1961 weerspieël. Aan die ander kant, het die oorskot van lenings toegestaan bo leningverhalings afgeneem vanaf R179 miljoen in 1960 tot R129 miljoen in 1961, terwyl ander netto ontvangstes vanaf R13 miljoen tot R16 miljoen gestyg het. Die oorskot van totale betalings bo ontvangste (met uitsluiting van netto lenings aangegaan) het dus slegs effens toegeneem vanaf R73 miljoen in 1960 tot R75 miljoen in 1961.

Die finansiering van hierdie tekort van R75 miljoen in 1961 is geheel gedoen deur netto lenings aangegaan. In werklikheid het die Skatkis 'n bedrag van R80 miljoen van plaaslike bronne geleent (waarvan R51 miljoen van die Staatskuldkommissaris verkry is), maar 'n bedrag van ongeveer R5 miljoen aan buitelandse instansies terugbetaal.

SAMEVATTING

Geoordeel volgens die statistiese inligting wat kortlik in die voorafgaande oorsig bespreek is, het binnelandse ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika in 1961 verder toegeneem, hoewel teen 'n stadiger tempo, terwyl die land se betalingsbalanspositie 'n aanmerklike verbetering getoon en 'n toename binnelandse likwiditeit tot gevolg gehad het.

Die ontleding van die beschikbare ekonomiese indekse op 'n jaarlikse grondslag, het aangetoon dat die persentasiestyging in goedere-uitvoere en in werkverskaffing in die mynwese vanaf 1960 tot 1961, dié vanaf 1959 tot 1960 oortref het, terwyl die goudproduksie voortgegaan het om teen dieselfde koers te styg. Die indekse van bankdebette, diskonteringe en voorskotte van handelsbanke, spoorweginkomste en kleinhandelsverkope het egter kleiner toenames in 1961 as in 1960 getoon, terwyl afnames in 1961 voorgekom het in bouplanne goedgekeur, eiendoms-transaksies en invoere, vergeleke met toenames in die voorafgaande jaar. Voorlopige ramings toon verder dat die bruto volksproduksie (teen mark-pryse) met iets oor die 3 persent in 1961 gestyg het, teenoor 'n toename van ongeveer 6 persent in 1960.

Die verdere styging in die bruto volksproduksie in 1961 is weerspieël in 'n toename in private plus regeringsverbruik, maar hoofsaaklik in 'n styging in bruto binnelandse besparing as gevolg van 'n aansienlike toename in persoonlike besparing. Vaste belegging het ook in 1961 toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n verdere toename in private vaste belegging, maar belegging in voorrade het gedurende die jaar afgeneem (vergeleke met 'n toename gedurende 1960) wat gedeeltelik aan 'n afname in invoere toegeskryf kan word.

In 'n ontleding van die gegewens wat op 'n maandelikse en kwartaallike basis beskikbaar en vir seisoenskommelings aangesuiwer is, is daar gevind dat die bruto volksproduksie, nadat dit in die eerste kwartaal van 1961 toegeneem het, min verandering in die tweede en derde kwartale getoon het, maar weer eens in die vierde kwartaal gestyg het. Soortgelyk hieraan, is daar gevind dat private verbruik in die vierde kwartaal toegeneem het, ná 'n afname gedurende die derde kwartaal, en dat, in die geval van invoere en eiendomstransaksies, 'n afwaartse neiging gedurende die eerste sewe maande van die jaar deur 'n opwaartse beweging gedurende die laaste vyf maande gevolg is. Verder is opgemerk dat die afnamekoers in bouplanne goedgekeur gedurende die tweede helfte van die jaar verminder het, terwyl die toenamekoers in goudproduksie en in bankdebette ná die middel van die jaar verbeter het. Gevolglik wil dit voorkom asof die verminderde koers van binnelandse ekonomiese uitbreiding in 1961 die gevolg van 'n baie stadige ontwikkelingskoers gedurende die tweede en derde kwartale was en dat teen die einde van die jaar 'n verbeterde koers van uitbreiding weer eens waarneembaar was.

Wat die betalingsbalans betref, het die daling in invoere in 1961 (wat die uitwerking van die invoerbeheermaatreëls sowel as die stadiger koers van binnelandse ekonomiese ontwikkeling weerspieël) gepaard gegaan met 'n aansienlike styging in beide goedere-uitvoere en goudproduksie, sodat die netto lopende oorskot met die buitewêreld 'n groot verbetering, veral gedurende die tweede helfte van die jaar, getoon het. Gedurende die eerste helfte van die jaar is die netto lopende oorskot meer as geneutraliseer deur 'n voortgesette netto uitvloei van private kapitaal, wat uit beide buitelandse en binnelandse fondse bestaan het. Ná instelling van die verskeie maatreëls gedurende Mei en Junie egter, en ook as gevolg van die verkryging van 'n aansienlike bedrag buitelandse lenings, het die netto uitvloei van private buitelandse kapitaal gedurende die tweede helfte van die jaar tot 'n geringe netto invloei omgeswai en, alhoewel daar in die geval van inwonerfondse 'n verdere netto uitvloei aangeteken is, het die goud- en buitelandse valutareserves 'n skerp toename getoon.

As 'n gevolg van hierdie verbetering in die betalingsbalans, en niteenstaande 'n afname gedurende die jaar in die diskonteringe en voorskotte van handelsbanke (wat verband hou met die daling in invoere sowel as met die stadiger koers van binnelandse ekonomiese groei, maar wat ook die beperking op bankkrediet vir sekere doeleindes weerspieël*), het die bedrag likwiede bates in die hande van die private sektor gedurende 1961 aansienlik gestyg. Boonop het die likwiditeit van die handelsbanke verbeter, terwyl toestande in die geldmark gedurende die jaar, en veral gedurende die tweede helfte, ver-

* Sien inleidende opmerkings.

ruim het, met die gevolg dat geldmarkrentekoerse geneig het om te daal.

In die lig van die verwikkelinge wat hierbo beskryf is en ten einde binnelandse ekonomiese bedrywigheid te stimuleer, is die Bankkoers met $\frac{1}{2}$ persent tot $4\frac{1}{2}$ persent op 7 Desember 1961 verlaag. Op 1 Januarie 1962 het die handelsbanke gevolg deur hulle rentekoerse op deposito's en voorskotte met $\frac{1}{2}$ persent te verminder, terwyl die bouverenigings op 6 Maart aangekondig het dat hulle van voorneme is om hul koers op nuwe aandele onmiddellik, en hul koers op vaste en spaardeposito's vanaf 1 April en 1 Mei onderskeidelik, met $\frac{1}{2}$ persent te verlaag. Betreffende hulle koerse op lenings is aangekondig dat 'n vermindering van $\frac{1}{4}$ persent aangebring sal word wanneer die besparing wat uit laer depositokoerse vloei, dit regverdig.

Afgesien van die verlaging van die Bankkoers, is daar gedurende die eerste kwartaal van 1962 aangekondig dat invoerbeheer effens gedurende die jaar verslap sal word met die oog op die aanvulling van uitgeputte grondstofvoorraade. Boonop is die trekking van ongeveer R27 miljoen op die Internasionale Monetêre Fonds in drie stadia gedurende Februarie en Maart terugbetaal, maar desnieteenstaande het die goud- en buitelandse valutareserwes verder tot R313.9 miljoen op 16 Maart gestyg, vergeleke met R276.6 miljoen aan die einde van 1961.

T. W. de Jongh,

Hoof: Departement Ekonomiese Navorsing en Statistiek.